Invicta
HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandelekode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "die Groep")

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

vir die ses maande geëindig 30 September 2009



Inkomste ▼ 11% • Wins vir die tydperk ▼ 9% • Verdienste per aandeel ▼ 7% • Dividend ▼ 8%

Gekonsolideerde verkorte INKOMSTESTAAT

	Verandering %	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2009 R'000	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2008 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 31 Mar 2009 R'000
Inkomste	(11)	**1 985 960**	2 228 987	4 523 535
Bedryfsinkomste	(18)	**174 134**	212 222	497 356
Rente en dividende ontvang		**182 171**	179 900	360 115
Finansieringskostes		**175 093**	181 967	382 719
Ekwiteitsverantwoorde verdienste		**594**	–	–
Wins voor belasting	(13)	**181 806**	210 155	474 752
Belasting		**42 184**	57 324	111 940
Wins vir die tydperk	(9)	**139 622**	152 831	362 812
Minderheidsbelang		**17 868**	20 946	50 000
Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	(8)	**121 754**	131 885	312 812
Verdienste per aandeel (sent)	(7)	**172**	184	437
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	(6)	**172**	183	437
Bepaling van wesensverdienste				
Toeskryfbare verdienste		**121 754**	131 885	312 812
Aanpassings – na belasting en minderheidsbelang waar toepaslik				
– Wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting		**(331)**	(3 201)	(1 862)
– Wins op verkoop van belegging		**–**	–	(160)
– Negatiewe klandisiewaarde		**(4 379)**	–	–
– Wins op uitreiking van aandele deur filiale		**–**	–	(3 246)
– Waardedalingsverlies op eiendom, masjinerie en toerusting		**–**	3 200	2 752
– Waardedaling van klandisiewaarde		**–**	–	510
Wesensverdienste		**117 044**	131 884	310 806
Uitgereikte aandele				
Geweegde gemiddeld (000'e)		**70 780**	71 536	71 536
Aan die einde van die tydperk (000'e)		**70 774**	70 801	70 801
Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e)		**70 780**	71 989	71 536
Wesensverdienste per aandeel (sent)	(10)	**165**	184	434
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	(10)	**165**	183	434
Dividende per aandeel* (sent)		**49**	53	138
– Tussentyds	(8)	**49**	53	53
– Finaal		**–**	–	85

** In ooreenstemming met IRS 10 word die tussentydse dividend van 49 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die tussentydse resultate getoon nie.*

Gekonsolideerde verkorte VERKLARING TEN OPSIGTE VAN VERANDERINGS IN EKWITEITE

	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2009 R'000	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2008 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 31 Mar 2009 R'000
Aandelekapitaal			
Saldo aan begin van die tydperk	**3 724**	3 724	3 724
Eindsaldo	**3 724**	3 724	3 724
Aandelepremie			
Saldo aan begin van die tydperk	**282 715**	282 715	282 715
Eindsaldo	**282 715**	282 715	282 715
Tesourie-aandele			
Saldo aan begin van die tydperk	**(94 247)**	(49 393)	(49 393)
Tesourie-aandele gekoop	**(596)**	(44 854)	(44 854)
Eindsaldo	**(94 843)**	(94 247)	(94 247)
Teruggehoue inkomste			
Saldo aan begin van die tydperk	**972 824**	763 697	763 697
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**121 754**	131 885	312 812
Dividende betaal	**(61 805)**	(66 160)	(103 685)
Eindsaldo	**1 032 773**	829 422	972 824
Ander reserwes			
Saldo aan begin van die tydperk	**41 039**	24 848	24 848
Voortspruitend uit die uitreiking van aandeel appresiasie regte	**11 910**	6 420	19 270
Voorspruitend uit omsetting van buitelandse bedrywighede	**(7 103)**	758	(3 079)
Eindsaldo	**45 846**	32 026	41 039
	1 270 215	1 053 640	1 206 055
Minderheidsbelang			
Saldo aan begin van die tydperk	**130 196**	92 147	92 147
Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	**17 868**	20 946	50 000
Netto verkryging van minderhede	**–**	–	(2 952)
Netto belegging in filiale	**2 112**	–	–
Dividende betaal	**(462)**	(3 130)	(8 999)
Eindsaldo	**149 714**	109 963	130 196

Gekonsolideerde verkorte KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2009 R'000	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2008 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 31 Mar 2009 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**38 751**	163 422	87 972
Finansieringskostes	**(175 093)**	(181 967)	(382 719)
Dividende betaal	**(62 267)**	(69 290)	(112 626)
Belasting betaal	**(9 004)**	(86 694)	(194 445)
Rente en dividende ontvang	**182 171**	179 900	360 115
Netto kontant- (uitvloei) invloei uit bedryfsaktiwiteite	**(25 442)**	5 371	(241 703)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Netto kontantuitwerkings van bate verkrygings	**(3 078)**	(48 252)	(82 816)
Netto kontantuitwerkings van ander beleggingsaktiwiteite	**(108 559)**	(80 355)	(266 763)
Netto kontantuitwerkings van tesourie-aandeel beleggings	**(596)**	(44 854)	(44 854)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Netto kontantuitwerkings van lenings verkry	**55 934**	24 057	294 806
Netto afname kontant en kontantekwivalente	**(81 741)**	(144 033)	(341 330)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**(131 459)**	209 871	209 871
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**(213 200)**	65 838	(131 459)

ANDER INLIGTING

	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2009 R'000	Ongeouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2008 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 31 Mar 2009 R'000
Skuld-ekwiteit-verhouding (uitsluitende die langtermyn befondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) (%)	**12**	2	10
Waardevermindering en amortisasie (R'000)	**16 601**	12 449	28 612
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**1 794,6**	1 488,2	1 703,4
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**1 706,9**	1 131,0	1 345,2
Kapitaalbesteding (R'000)	**10 972**	54 946	91 984
Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000)	**1 428**	1 505	1 428
Kapitale verpligtinge (R'000)	**1 000**	32 390	7 026

Gekonsolideerde verkorte BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30 Sept 2009 R'000	Ongeouditeer 30 Sept 2008 R'000	Geouditeer 31 Mar 2009 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates	**3 611 694**	3 385 789	3 495 310
Eiendom, masjinerie en toerusting	**255 828**	197 251	228 997
Beleggings	**1 197 608**	1 195 100	1 195 100
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**253 043**	252 908	253 649
Finansiële bates	**231 463**	226 074	232 512
Langtermynbates	**1 611 659**	1 458 081	1 527 875
Uitgestelde belasting	**62 093**	56 375	57 177
Bedryfsbates	**2 048 192**	2 351 512	2 509 420
Voorraad	**1 305 475**	1 360 111	1 645 913
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	**665 819**	910 749	688 106
Voorafbetaalde belasting	**6 776**	–	50 340
Banksaldo's en kontant	**70 122**	80 652	125 061
Totale bates	**5 659 886**	5 737 301	6 004 730
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Kapitaal en reserwes	**1 419 929**	1 163 603	1 336 251
Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**1 270 215**	1 053 640	1 206 055
Minderheidsbelang	**149 714**	109 963	130 196
Nie-bedryfslaste	**3 181 184**	2 913 274	3 096 348
Langtermynlenings	**2 933 810**	2 675 032	2 846 638
Finansiële verpligtinge	**234 753**	226 074	236 434
Uitgestelde belasting	**12 621**	12 168	13 276
Bedryfslaste	**1 058 773**	1 660 424	1 572 131
Handels-, ander betaalbare rekeninge en voorsienings	**756 458**	1 622 670	1 295 130
Belastingverpligtinge	**9 348**	16 147	14 935
Korttermynlenings	**9 645**	6 793	5 546
Bankoortrekkings en bankaksepte	**283 322**	14 814	256 520
Totale ekwiteit en verpligtinge	**5 659 886**	5 737 301	6 004 730

SEGMENTINLIGTING

	Ingenieurswese verbruikbares R'000	Kapitale toerusting en onderdele R'000	Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000	Totaal R'000
Ongeouditeerde ses maande geëindig 30 September 2009				
Inkomste	**943 748**	**938 899**	**103 313**	**1 985 960**
Bedryfsinkomste	**106 921**	**48 191**	**19 022**	**174 134**
Totale bates	**993 834**	**1 038 256**	**3 627 796**	**5 659 886**
Totale laste	**229 354**	**742 691**	**3 267 912**	**4 239 957**
Ongeouditeerde ses maande geëindig 30 September 2008				
Inkomste	1 004 633	1 149 713	74 641	2 228 987
Bedryfsinkomste	144 245	59 700	8 277	212 222
Totale bates	1 040 081	1 095 908	3 601 312	5 737 301
Totale laste	389 044	926 537	3 258 117	4 573 698
Geouditeerde jaar geëindig 31 Maart 2009				
Inkomste	2 056 754	2 334 424	132 357	4 523 535
Bedryfsinkomste	318 619	155 919	22 818	497 356
Totale bates	1 212 328	1 211 360	3 581 042	6 004 730
Totale laste	516 846	971 929	3 179 704	4 668 479

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE INLIGTING

Voorbereidingsgrondslag
Die gekonsolideerde verkorte finansiële state is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapportering Standaarde, insluitende IRS 34 Tussentydse Finansiële Rapportering, die JSE Beperk se Noteringsvereistes en op die wyse wat deur die Wet op Maatskappye in Suid-Afrika vereis word, voorberei. Die hoof rekeningkundige beleid, soos uiteengesit in die Groep se 2009 jaarverslag, is deurgaans konsekwent in die ses-maande oorsigtydperk, toegepas.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE

Verkrygings
Die volgende verkrygings is gedurende die tydperk geëindig 30 September 2009 gemaak:
- Op 1 Junie 2009 het Humulani Investments (Edms) Beperk 100% van Criterion Equipment (Edms) Beperk verkry.
- Op 1 April 2009 het die Groep 40% van Compact Computer Solutions (Edms) Beperk verkry.

Na-balansstaat gebeure
Morgan Stanley Vaal LLC het kennis gegee vir uitoefening van die vooruitverkoop ooreenkoms op die langtermyn ontvangbare rekening. Die skikking het op 15 Oktober 2009 plaasgevind. 'n Transaksie is op dieselfde dag met Gryphon Bate Bestuurders aangegaan om die opbrengs van die skikking te belê.

KOMMENTAAR

Groepsaktiwiteite val binne die volgende Groepbedryfsafdelings:
- Bearing Man Group ("BMG") in kussingblokke, dryfrieme, verseëlings, kragseintoestelprodukte, gangmotors, hegstukke en hidroulika.
- Kapitale Toerustingafdeling ("KTA") in landbou-, grondverplasing-, konstruksie-, turfopknapping-, boustofhantering-toerusting en utiliteits-gholfkarretjies.
- Ander besighede sluit outomobiel- en motorfietsonderdele en 'n vloer- en muurteël besigheid in.

Finansiële Oorsig
Die Groep het 'n mees bevredigende resultaat vir die ses-maande tydperk, gegewe die uitdagende ekonomiese omgewing, gelewer. Die mark was gekenmerk deur swak aanvraag vir produk, 'n sterk Rand en algemeen moeilike handelstoestande.

Omset was gehandhaaf teen aanvaarbare vlakke met 'n matige afname van 11% tot R1 986 miljoen. Bedryfsinkomste het met 18% tot R174 miljoen gedaal met verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers 8% laer op R122 miljoen. Verdienste per aandeel het met 7% tot 172 sent per aandeel afgeneem.

Planne om die Groep se bedryfskapitaalposisie te verbeter, wat op die vorige jaareinde in plek gestel is, het positiewe resultate begin lewer. Voorraad is verlaag tot R340 miljoen, geneutraliseer deur 'n soortgelyke verlaging in betaalbare rekeninge. Kontant gegenereer uit bedrywighede was R39 miljoen. Bestuur se fokus sal daarop bly om kontantgenerering te vergroot en die tweede helfte van die jaar behoort goeie kontantgroei te lewer.

Die Groep het die swak marktoestande uitgebuit en 'n aantaal betreklike klein, maar taktiese sterk, verkrygings gemaak wat sal toevoeg tot die Groep se produkaanbieding en 'n verdere verhoogde platform vir groei en winsgewendheid sal verskaf. Die mees beduidendste van hierdie verkrygings was die verkryging van 100% van die aandele in Criterion Equipment (Edms) Beperk, wat in die boustofhantering-sektor van die mark werksaam is, met TCM vurkhysers as hulle primêre produk.

Bearing Man Groep (BMG)
BMG gaan voort om die kern winsgrondslag van die Groep te wees. Verlaagde volumes en prysverlagings het tot gevolg gehad dat inkomste met 6% tot R944 miljoen afgeneem het. Marges was onder druk as gevolg van voorraad wat teen swakker wisselkoerse in die vorige tydperk ingevoer was. Dit is gedeeltelik deur goeie kostebeheer geneutraliseer met bokoste wat met 7% gedaal het en tot gevolg gehad het dat wins vanuit bedrywighede met 26% tot R107 miljoen gedaal het. Alle afdelings het verlaagde aktiwiteit ervaar, toeskryfbaar aan die heersende ekonomiese toestande. 'n Hoogtepunt van die tydperk was die suksesvolle handelsnaam verandering van Goldquest International Hydraulics na BMG Hydraulics.

Kapitale Toerustingafdeling (KTA)
Die KTA, wat die mees sikliese van die Groep se bedrywighede is, het 'n 18% afname in inkomste tot R939 miljoen getoon, terwyl wins vanuit bedrywighede met 19% tot R48 miljoen gedaal het.

Die konstruksietoerusting-afdelings is steeds die swakker presteerders. Huidiglik is daar geen werklike aanvraag vir produk wat vanuit infrastruktuur besteding deur die regering materialiseer nie. Die lae vlak van bouplanne wat goedgekeur word het die probleem verder vererger. Die landboutoerusting-afdelings het voortgegaan om goed te presteer ten spyte van landbou kommoditeit produk prysverlagings teen 'n hoër koers as die wedersydse insetkostes vir boerdery bedrywighede.

Ander Bedrywighede
Die Groep verstewig steeds hulle verspreidingsgrondslag en strukture in al hulle kleiner bedrywighede asook die inskakeling van hulle strategiese eiendomsverkrygings wat in die vorige jaar plaasgevind het.

Vooruitsigte
Die ekonomie en marktoestande blyk te gestabiliseer het. Die huidige sterk Rand en die algemene onbestendigheid daarvan bly risikofaktore vir die toekoms.

Volume in BMG blyk die laagste punt te bereik het, maar daar is tans geen duidelike tekens van 'n herstel nie. Handel is onbestendig en sporadies. Die internasionale makro-ekonomiese omgewing dui egter daarop dat aanvraag vir BMG se klante se produkte in die kort- tot mediumtermyn behoort te verhoog. Dit behoort, op sy beurt, toenemende aanvraag vir BMG se produkte en dienste tot gevolg te hê.

In die KTA word uitdagende landbou masjinerie toestande verwag. Vertroue in die landbousektor is besig om af te neem as gevolg van laer graanpryse en betreklike hoë insetkostes. Toestande in die konstruksietoerusting-mark is steeds onderdruk en bestuur verwag nie dat dit in die volgende 12 tot 18 maande sal verbeter nie. Die afdeling het stappe geneem om hulself te beskerm deur kostes te sny en versigtig bedryfskapitaal te bestuur. Die verkryging van Criterion Equipment (Edms) Beperk word nie verwag om enige wesenlike uitwerking op die Groep in die tweede helfte van die jaar te hê nie, maar dit het gehelp om die konstruksietoerusting-afdeling se bokoste te versprei en behoort te begin om 'n bydrae in die volgende finansiële jaar te lewer.

Nieteenstaande die voortgesette mark onsekerheid, het die raad 'n tussentydse dividend van 49 sent teen 'n 3,5 keer dividenddekking verhouding, strokende met verlede jaar se tussentydse resultate, verklaar.

Die Raad bly vol vertroue in die voortgesette sukses van die Groep en sal steeds op die uitkyk wees vir geleenthede om hulle produkreeks uit te brei en nuwe markte binne te dring.

Dividende
Die Raad het 'n tussentydse dividend van 49 sent per aandeel verklaar.

In voldoening aan die vereistes van Strate is die volgende datums van toepassing:

Laaste dag om "MET" dividend te verhandel	Vrydag, 27 November 2009
Eerste dag om "SONDER" dividend te verhandel	Maandag, 30 November 2009
Rekorddatum	Vrydag, 4 Desember 2009
Betaaldatum	Maandag, 7 Desember 2009

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word tussen Maandag, 30 November 2009 en Vrydag, 4 Desember 2009, beide dae ingesluit, nie.

Op las van die Raad

C Barnard
Sekretaris

Johannesburg
6 November 2009

Geregistreerde kantoor: Invicta Holdings Beperk, 3de Verdieping, Pepkor-huis, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow Oos, 7501
Oordragsekretarisse: Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Grond-verdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Directors: Dr CH Wiese*, C Barnard, A Goldstone, AK Masuku#, J Mthimunye, DI Samuels*, LR Sherrell#, RE Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters * *Nie-uitvoerend* # *Plaasvervangend*
Borg: Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Beperk

GRAPHICULTURE 1879